**JUNIOR AKADEMIE**
VROEË KIND ONTWIKKELING
JUNIOR AKADEMIE
IT 2474/2009

# Ons kinders en dissipline by Junior Akademie

Voorwoord:
Ons is hier om ouers te help om kinders groot te maak wat selfversekerd, emosioneel veerkragtige en selfstandig is. Kinders wat empatie kan toon en selfbeheersing kan uitoefen. Emosionele intelligente kinders, met waardes.

Hoe help ons hiermee?:
Goeie klas reëls wat konsekwent in al ons klasse toegepas word op elke maatjie se ouderdoms ontwikkelings vlak. Ondersteuning van ouers, ons is 'n span. Ons is nie bang om te sê ons het hulp nodig nie, ons mag vra.

1. Klas reëls
    - Goeie morele waardes.
    - Benoem ons emosies.
    - Ons praat eenkeer.
    - Respek.
    - Ons weet wat is goeie en slegte keuses en die gevolg daarvan.
    - Roetine maak dat ons veilig voel.
    - Fokus op positiewe gedrag.

2. As 'n maatjie nie die klas reëls respekteer nie, sal ons:
    - Maatjie verwyder uit die klas en gesels oor wat aanleiding gegee het tot die gedrag.
    - Ons praat oor die emosie wat hulle beleef het en hoe die situasie beter hanteer kon word.
    - Verduidelik oor wat die gevolg gaan wees as die gedrag nie verbeter nie.
    - Keer terug klas toe.
    - As die gedrag nie verbeter na een gesprek nie, doen ons dieselfde as met eerste uitval ons voeg dan die gevolg by.
    - Ouderdoms gepaste tyd word bepaal en vrye spel tyd word korter. Bv. Maatjies gaan buite speel, maar die maatjie gaan eers vir 2/5/10 min sit en wag voordat daar gespeel word.

- As maatjie se gedrag nie verbeter nie, word maatjie na hoof geneem om te help om 'n oplossing te kry.
- Laaste uitweg sal wees om ouers te skakel om maatjie te kom haal.

3. Ondersteuning van ouers – ons is 'n span.
    - Praat met kinders oor waardes.
    - Respek.
    - Reëls in die huis.
    - Kry kinders om die eerste keer te luister as jy praat.
    - Roetine laat kinders veilig voel.

4. Ons vra vir hulp as:
    - Gedrag klas beïnvloed.
    - Gedrag beïnvloed sy/haar sosiale lewe.
    - Gedrag is nie ontwikkelings gepas nie.
    - Ons dissipline strategieë werk nie.

5. Ouerleiding en inligting
    - Juffrou sal advies gee waar gevra word.
    - Juffrou sal as daar uitvalle is in die klas met ouers hieroor kommunikeer.
    - Hoof sal nuttige artikels met ouers deel.
    - Ouers is welkom om enige tyd 'n afspraak te maak om met die hoof of juffrou te kom gesels.

*Wanneer ons met ons kinders praat wees altyd respekvol, kalm en in beheer.*

*'n Emosionele ineenstorting vind plaas wanneer die emosionele deel van die brein oor-opgewerk raak en die beheer van die denkende deel van die brein oorneem. Alle kinders is vatbaar daarvoor. Selfs grootmense kan af en toe 'n emosionele ineenstorting hê.*



## Hoe kry ek my kinders om te luister die eerste keer as ek praat?

Of jou kind afskakel as jy 'n opdrag gee, dat speelgoed opgetel moet word of aanhou om sy boetie te slaan wanneer jy al gesê het hy moet ophou, kan vir jou moedeloos laat.

Dikwels ding jy mee met TV programme en ander afleidings om jou kind se aandag te kry. Dan is hulle nog geneig om selektiewe gehoor ook te hê.

<u>Kom ons maak 'n paar eenvoudige veranderinge aan die manier waarop ons opdragte gee.</u>

- Moet nie op jou kind skree nie.
- Raak ontslae van afleidings voordat jy 'n opdrag gee. Sê bv.: "hou gou op om te speel", "sit die pop neer".
- Nadat aandag gevestig is, maak oogkontak, gee jou opdrag duidelik en vra dat hulle dit moet herhaal. Vir kinders met ADHD help dit soms as jy aan hulle hand of skouer vat as jy die opdrag gee.
- Indien hulle nie die eerste keer luister nie, sê dat jy hulle voorregte gaan ontneem. Die pop weg vat of waarmee gespeel is weg neem.
- Onthou jy vra nie of jou kind dit wil doen nie, jy gee 'n opdrag. "Help my asseblief om die sokkies op te tel", gee kinders opsie om "nee" te sê. "Tel asseblief die sokkies op."
- Gee jou kinders 5 minute waarskuwing: "Ons eet oor 5 minute." In plaas van "kom eet nou!" Na die 5 minute gaan jy terug en sê: "kom ons gaan nou lekker eet.". So leer ons hulle op 'n respekvolle manier.
- Gee ook vir jou jonger kinders slegs een opdrag en wag dat hulle dit voltooi voor jy die volgende een gee.
- Versterk goeie keuses. Prys jou kind: "jy het die sokkies so vinnig opgetel toe ek jou gevra het."
- Verskaf gevolge vir slegte keuses, as jou kind nie jou opdrag uitvoer nie. Sê: "As jy nie dadelik die sokkies optel nie, sal ek jou kar/pop vat en jy gaan die res van die dag nie daarmee kan speel nie."
- Indien jou kind nóg steeds nie gehoor gee aan jou opdrag nie, ontneem hom/haar van 'n voorreg vir 24 uur.
- Met konsekwente optrede behoort jou kind jou opdragte uit te voer.